Gebeds Paaseier Skattejag

Kernboodskap: Ons dank God vir die offer van sy Seun en vir hoop te danke aan Jesus se opstanding.

Voorbereiding: Nommer 7 plastiekeiers met 'n permanente kokie van 1 tot 7 en plaas die volgende items in die eiers:

1. 'n klein blokkie brood
2. 'n druiwekorrel
3. 'n stukkie pers lap
4. 'n doring
5. 'n stukkie leer skoenveter
6. 'n kruis
7. 'n klip

Les:

Steek die eiers weg buite of in die vertrek. Vertel die kinders dat jul 'n Paasfees gebeds eiersoek gaan hê. Laat hul die eiers soek tot al 7 gekry is. Almal staan dan in 'n sirkel en die kinders wat die eiers het maak dit chronologies oop.

Na elke eier oopgemaak is, praat oor die betekenis van die teken/item in die Paasverhaal. laat die kinders vertel wat hul weet van die teken/item. Laat 'n vrywilliger dan 'n dankgebed doen vir daardie deel van die Paasverhaal. Bv dit kan iets wees soos: "Dankie Here dat U die brood van die lewe is en dat U toegelaat het dat U liggaam vir ons gebreek word".

As jou kinders baie klein is, vertel die Paasverhaal m.b.v. die items en bid dan self 'n dankgebed vir elkeen .